B8264

Die verhaal van die Ned Geref Kerk se
REIS MET APARTHEID
1960 - 1994

Die verhaal van die Ned Geref Kerk se REIS MET APARTHEID

1960 – 1994

'n getuienis en 'n belydenis

Opgestel in opdrag van die Algemene Sinodale Kommissie van die Ned Geref Kerk

Uitgegee in opdrag van die Algemene Sinodale Kommissie van
die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

© **Die verhaal van die Ned Geref Kerk se reis met apartheid 1960 - 1994**

1997 Algemene Sinode/Algemene Sinodale
Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, in 'n datasentrum geberg of vermenigvuldig word in enige vorm of deur enige medium - elektronies, meganies, fotostaties, fonografies of enige ander vorm van opname - sonder die voorafgaande skriftelike verlof van die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie.

Uitgegee deur Hugenote-Uitgewers
('n Divisie van Bybel-Media)
'n Vereniging ingelyf kragtens Artikel 21
Posbus 420, Wellington 7654

Buiteblad: Adri-Louise van Renen/Lizl Linde
Gedruk en gebind deur Boland-Drukpers, Wellington
Eerste uitgawe, eerste druk 1997
ISBN 1 874899 09 6

Inhoudsopgawe

1: 'n Getuienis of 'n belydenis? 1
2: Die reis begin lank vóór 1960 4
3: 'n Belangrike halte: Cottesloe 12
4: Die reis ná Cottesloe 20
5: Aankoms by Rustenburg 50
6: Tot by die "Sinode van Versoening" 61
7: Die Ned Geref Kerk en die Veiligheidsmagte 64
8: Jare se dienswerk 69
9: Terugblik op die reis met apartheid 72
10: 'n Nuwe reis: van versoening 77
Bronnelys 81

Voorwoord

Die kerk van die Here leef midde-in die wêreld van sy tyd. So moes die Ned Geref Kerk ook sy Godgegewe roeping vervul in die tyd toe apartheid in Suid-Afrika in 'n onderdrukkende sisteem ontaard het.

Daar gaan tans baie stemme op wat vra dat die Ned Geref Kerk oor sy rol in die apartheidsera moet getuig. Hoewel besluit is om nie 'n voorlegging aan die Waarheids-en-versoeningskommissie te maak nie, was daar groot eenstemmigheid by die Algemene Sinodale Kommissie van die Ned Geref Kerk dat dié kerk se verhaal met betrekking tot volkere- en rasseverhoudings in Suid-Afrika sedert die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962, nou vertel moet word. Dié verhaal word hiermee aangebied as 'n getuienis en 'n belydenis. Dit beteken dat die kerk se amptelike besluite en optrede, en wat die afgelope paar dekades daaromheen gebeur het, beoordeel word. Daar word in hierdie kroniek gepoog om verantwoording te doen oor die bedoelings en gevolge van kerklike optrede. Daarom is die geskrif vol woorde soos: goed en reg, naasteliefde, afgryse, dank, bely en verskoning.

Dié geskrif word aan lidmate, leraars, kerkvergaderings en alle ander belangstellendes aangebied vir kennisname en bestudering. Die bedoeling is dat die boodskap wat hierin vervat is, in die eie omgewing nagesê sal word. Sodoende kan dit bydra tot verootmoediging voor die Here, versoening in Suid-Afrika en nuwe geleenthede van kerk-wees vir die Ned Geref Kerk.

"As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense" (Rom 12:18).

FREEK SWANEPOEL
Voorsitter: Algemene Sinodale Kommissie van die Ned Geref Kerk

Vir verspreiding goedgekeur deur die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie:

Ds F Swanepoel (voorsitter)
Prof PC Potgieter (ondervoorsitter)
Prof P Coertzen (aktuarius)
Dr FM Gaum (skriba) - skrywer van hierdie kroniek
Dr WJ Bruwer
Ds PS Strümpfer
Ds LW Meyer
Dr WJ Botha (adviserend)

Enkele begripsverklarings

* **Algemene Sinodale Kommissie (ASK):** Dié kommissie word deur die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk aangewys en moet onder meer voorlopig spoedeisende sake hanteer as die sinode nie in sitting is nie met verantwoording aan die volgende Algemene Sinode. Die ASK bestaan uit die Moderatuur van die Algemene Sinode, verteenwoordigers van die verskillende (streek-)sinodes en vier ouderlinge-verteenwoordigers. Verteenwoordigers van die ander kommissies van die Algemene Sinode dien as adviseurs. Die Dagbestuur van die ASK, bestaande uit die Moderatuur en nog drie lede wat deur die ASK verkies word, tree in opdrag van en met rapport aan die ASK op.

* **Breë Moderatuur:** Die ASK het in 1986 in die plek van die Breë Moderatuur gekom. Die Breë Moderatuur het nagenoeg dieselfde opdrag gehad as die ASK, maar met minder lede.

* **Ekumene:** Skakeling en samewerking tussen kerke om die eenheid van die kerk van Christus te bevorder.

* **Kerkraad:** Die kerklike vergadering, bestaande uit ouderlinge en diakens, van 'n plaaslike gemeente wat na die sake van die gemeente omsien en besluite neem wat op dié gemeente van toepassing is.

* **Moderatuur:** Die vier ampsdraers wat die sinode aanwys met bepaalde opdragte: die moderator is voorsitter van die sinode en, in die geval van die Algemene Sinode, daarna ook van die Algemene Sinodale Kommissie; die assessor is die ondervoorsitter; die aktuarius gee leiding ten opsigte van kerkordelike sake; die skriba is die sekretaris.

* **Ring:** Die kerklike vergadering waarin verteenwoordigers van kerkrade van gemeentes in 'n bepaalde area byeenkom om sake waarby almal belang het en wat nie deur die kerkraad afgehandel kan word nie, te hanteer.

* **Sinode:** Die kerklike vergadering waarin die verteenwoordigers van kerkrade van 'n bepaalde kerkverband saamkom om sake van gemeenskaplike belang te hanteer wat nie deur die kerkraad of ring afgehandel kan word nie. In die geval van die Algemene Sinode, vaardig die samestellende (streek-)sinodes persone na die vergadering af wat normaalweg elke vier jaar byeenkom en sake van algemene belang vir die kerkverband hanteer wat nie deur die kerkraad, ring of sinode afgehandel kan word nie.